


LIEDERE WAT IN DIE EREDIENS GESING WORD**Sondag 19 Februarie 2012**

Oggenddiens 09:30		Aanddiens 18:00	
Lied	Bladsy	Lied	Bladsy
1. Psalm 118:1 & 7	Bl.575	Psalm 138:1	Bl.670
2. Skrifberyming 9-3:1		Psalm 119:3 & 4	Bl.586
3. Skrifberyming 9-4:1 & 3		Psalm 19:1 & 7	Bl.82
4. Psalm 18:1	Bl.70		

BYBELSTUDIEGROEPE**SONDAG 29 Februarie 3012**19:00-20:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Hebreërs*.**WOENSDAG 15 FEBRUARIE 2012**10:00-11:00 in die konsistorie vir Bybelstudie uit *Lukas*.**VERKIESING VAN AMPSDRAERS**

Die volgende broeders en suster word ter approbasie aan die gemeente as nuwe kerkslede voorgehou:

Diakens:— sr. Rina van der Berg, br. Stefan van der Westhuizen en br. Sarel Jansen van Vuuren.

Ouderling: br. Hannes Pelser.

Indien hulle die roeping opvolg en daar geen besware teen hulle ingebring word nie, sal hulle DV op 4 Maart 2012 tydens die aanddiens bevestig word. U voorbeding word gevra vir hierdie lidmate met die oorweging van die roeping as diakens en ouderling.

- ✘ *Hoe jammer tog dat lewensware steeds styg en sedelike waardes steeds daal.*
- ✘ *Die meeste mense ondersoek alle dinge. Ongelukkig vind sommige die kwade só prettig dat hulle slegs dit behou.*

✘ *Hoe stomper die gewete, hoe skerper die tong.***SIMBAAL**

“Prys Hom met galmende simbale”

[Psalm 150:5]

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord[Webadres — <http://www.gkklerksdorpnoord.co.za/>]

Jaargang 7

Sondag 19 Februarie 2012

Nommer 5

DIE BYBEL VERVEEL MY

'n Lidmaat sê skokkend eerlik vir my: “Die Bybel verveel my!” Dis die antwoord van 'n verbondskind van God, hierdie. Wat is jou reaksie?

- Wat put jy uit jou Bybellees?
- Boei dit jou of beteken dit niks nie?
- Doen jy dit met vreugde of langtand?
- Doen jy moeite om te verstaan?
- Het dit praktiese betekenis in jou lewe?

Dis darem 'n paar lastige vrae, nê? – maar dit moet beantwoord word! Hoeveel lidmate sit met die kernprobleem: *Ja, die Bybel verveel my!*

Daarom is ek nie 'n entoesiastiese, oorgegewe en toegewyde Bybelleeser of een wat Bybelstudie doen nie. Wat sou die rede wees?

📖 Een rede kan wees dat jy die Bybel benader soos 'n dooie boek.

Onthou die Bybel is God se stem waardeur Hy met jou praat. *Bybellees is 'n gesprek met God onder vier oë.*

📖 'n Volgende rede kan wees dat jou metode waarvolgens jy die Bybel lees verkeerd is. Jy lees dalk haastig net 'n paar versies uit gewoonte. *Onthou die Bybel is God se Woord waarin een deurlopende boodskap vir die gelowige gegee word.* Dit kan jy vind deur 'n klein bietjie inspanning in jou Bybellees en 'n bietjie meer tyd daaraan spandeer.

📖 'n Ander rede kan wees dat jy onwillekeurig rond en bont in die Bybel lees. Eendag in hierdie boek 'n paar verse en die volgende dag weer in 'n ander deel. En so gaan jy aan. *Onthou die Bybel moet sistematies en ordelik gelees word voordat die boodskap jou hart kan roer.* Die gebruik van 'n boek met Bybelse Dagstukkies is 'n groot hulpmiddel.

Voel jy nie lus om by een van die **Bybelstudiegroepe** in te skakel nie? Gesels gerus met medelidmate oor hoeveel dit vir hulle beteken. Al wat

nodig is, is 1 uur per 14 dae. Gemeet teen jou ewige saligheid is dit minder as minimaal. Hoe lyk dit? Sien ons jou volgende week daar?

Dr. Nico van der Merwe

2.

SIMBAAL 19 Februarie 2012



PREKE VANDAG



Ds. Andre de Jager

Oggenddiens Tema: **EK HET U BAIE LIEF, HERE**

Lees: Lukas 7:36-50

Teks: Lukas 7:47

Ware liefde kan nie stilgehou word nie, dit staan uit en word raakgesien. En die maklikste manier hoe liefde vir die Here in ons lewe raakgesien kan word, is deur die liefde wat ons aan ander bewys.

Ware liefde kom van God, ons kan liefhê omdat God ons liefhet. Hy het ons so lief dat Hy sy Seun gegee het sodat ons kan lewe. En daarom kan ons ook nou sê: “Ek het u baie lief, Here.”



Aanddiens Tema: **VERLIG DEUR CHRISTUS KEN ONS
ONS SONDE EN SY GENADE**

Lees: 1 Johannes 1:1-10

Teks: 1 Johannes 1:8

Heidelbergse Kategismus Sondag 2

Die onderhouding van die wet gaan in die eerste plek nie net oor wat ons moet doen en nie doen nie, maar oor ons gesindheid. Ons moet in die eerste plek God liefhê. Met ons hele hart siel en verstand – Markus en Lukas voeg hierby nog krag ook by. Dit beteken dat ons God moet liefhê met alles waartoe ons in staat is, met ons hele wese, in alles wat ons doen, dink sê. Ons liefde vir God moet bepaal hoe ons optree en ook hoekom ons so optree.



⊗ *Die ydele mens maak soms van sy bloedverwante se prestasies 'n hobbelperd, en soos die klein kindjie raak hy nie maklik uitgery nie.*

- ⊗ *Wat kwaadwillige praatjies betref, is dit 'n seën dat 'n mens kan weier om te luister. Net jammer dat die verteller nie wil hoor dat jy nie wil hoor nie.*
- ⊗ *Die kwaadwillige mens is gewoonlik bysiende, hy kyk by sy eie gebreke verby en sien heelwat by sy naaste s'n by.*

SIMBAAL 19 Februarie 2012

7.

Wie het ons gedra deur die tye toe ons geliefdes aan die dood moes afstaan? My man se siekte? My operasies ens. ens. – die susters natuurlik! Dit help darem ook as jou beste vriende, en bykans jou hele vriendekring uit mededoppers bestaan.

a. Dis die hawe waar jy veilig voel!

By medegelowiges kan jy jouself wees. Jy hoef nie voor te gee dat jy iets anders is nie. Voor GOD en vir God is jy Sy kind soos ons almal in die geloof.

b. Dis waar opbouende kritiek jou laat groei!

As iemand jou kritiseer, aanvaar dit in liefde. Ons is nie almal perfek nie maar ons kan kyk en doen en leer totdat ons AMPER ”OK” is! Daardie suster bedoel dit dalk baie goed en wil jou net help om te verbeter – ons het net nie altyd dieselfde hoeveelheid takt nie! Doen liewer weg met die nerfies wat so dun is!

c. Die sustersorganisasie is die platform waar ek my gebrekkige talente kan ontwikkel!

Ek het so baie by die susters geleer! Van kos maak/ siekes besoek/ meelewing/ simpatie/ empatie/ wonderwerke/ genade en hope liefde. Ek het ook geleer koek versier, blokkies brei, inkopiesakke maak, vetkoek bak en om van die koeksisters nie te praat nie.

d. Dis die ondersteuningstelsel wat my dra in moeilike tye!

Laat ons almal saamwerk om ONS sustersorganisasie die beste en lewendigste en wonderlikste in die kerkverband te maak!

Sustersbestuur 2012:

Voorsitster - Mariana Aucamp

Vise-Voorsitster – Marietjie van Aswegen

Tesouriere – Kotie Oosthuizen

Sekretaresse – Bets de Lang

Addisionele lede

Isabel de Jager

Elmarie Kruger

Marlene Lemmer

Sophia van der Merwe
Magda van der Walt
Santie van der Westhuizen



6. **SIMBAAL 19 Februarie 2012**

WAT IS 'N SUSTERSORGANISASIE EN WAT NIE

... uit 'n Dopper suster se oogpunt!



Susters, aan die begin van 'n nuwe jaar wil ek vra ons moet bietjie dink aan die funksie van die Sustersorganisasie in die Gereformeerde Kerk, Klerksdorp Noord: Hoekom gaan ek susters toe? Of hoekom gaan ek NIE susters toe nie?

EERSTENS - WAT IS 'N SUSTERORGANISASIE NIE?

1. 'n Sustersorganisasie is nie 'n *eksklusiewe klub* nie! 'n Sustersorganisasie is soos om 'n kerkkoor af te rig – jy moet vat wat jy kry! Elke suster is welkom by die sustersorganisasie – want dis jou kerk en jou gemeente en jou susters in Christus – oud/ jonk/ mooi/ lelik/ vet/ maer/ lank/ kort/ slim/ dom/ ryk/ arm ...so ELKE suster is welkom!! Ons werk lekker saam want ons doen dit vir die HERE.
2. Dis nie 'n *talentkompetiese* nie! Sommige van ons het baie talente en ander bietjie minder en ander.. ja welamper niks!! ...en nou praat ek nie van mooi sing of teken of klavierspeel nie - ek praat van iets “eenvoudigs” soos kos maak vir, van 'n paar mense, tot honderde! 'n Groot deel van ons susters se werksaamhede draai mos om kosmaak. Baie van ons is tog so-o-o gewillig om te help maar het agter in die ry gestaan toe kookkuns uitgedeel is!
3. Dis nie 'n plek waar jy vrylik *kritiek* mag uitdeel nie! Dus susters, as ek iets probeer maak en dis nie so groot sukses nie MAG jy nie dink ek is eenvoudig of dom nie. Jy MAG ook nie dink of sê jy sou die slaai/ hoenderpastei/ varkboud/ ens. beter gaargemaak het nie! Onthou net ... ek het my bes probeer want ek wil so-o-o graag help want... eintlik doen ek dit nie vir mense nie ... ek doen dit uit die diepte van my hart omdat ek vir die HERE en Sy kudde tot nut wil wees. En as my pastei bietjie krom en skeef lyk – eet hom reg - hy is met baie liefde gemaak!
4. Dis verseker nie plek waar ek mag dink *ek is beter as ander* nie! Ons is almal gelyk in GOD se oë en ek mag nooit ooit vir 'n oomblik dink ek

is beter as ander nie! Liewer dankbaar wees vir die genade wat GOD aan my bewys elke dag van my lewe.

WAT IS 'N SUSTERSORGANISASIE DAN?

SIMBAAL 19 Februarie 2012

3.

KAPPIE- EN KOSMOSTOER na POTCHEFSTROOM: 55

Plussers

Wanneer? Saterdag 25 Februarie 2012

Hoe laat vertrek ons? 08h00

Bymekaarkomplek? Gereformeerde Kerk Klerksdorp-Noord

Wat bring ek saam? 'n Vol piekniekmandjie, kombes of opvoustoele

Hoe laat is ons terug? Ongeveer 14h00

Skryf asseblief vandag nog jou naam op die lys in die portaal of in die konsistorie!

Skakelpersone:

Hennie en Martie Venter

082 324 2713

073 826 3526



OPVOLG-AKSIE - ONTDEK JOU GAWES-KURSUS

Almal wat die kursus “*Ontdek jou gawes*” in 2011 gedoen het, let daarop dat daar op **2 Maart 2012 om 18h00 by die kerkgebou** 'n opvolgeleentheid sal wees waar groeperinge gedoen gaan word. Dis belangrik dat al die kursusgangers wat die vorige aanbieding bygewoon het, daar sal wees!

"Kom laat ons optrek hiervandaan, om na die Heer se huis te gaan..."

Hennie Venter, Vic van der Walt



ONS GAAN WILDTUIN TOE!

Die Gereformeerde Kerk Rietvallei reël 'n besoek aan die Kruger Wildtuin vir senior burgers (60 jaar en ouer) DV van Maandag 27 Augustus – Donderdag 30 Augustus 2012 in die kamp te Pretoriuskop.

KOLLEKTES

Datum	By die diakens	Sakkies by die deure
19 Februarie	Barmhartigheid	GKSA Dankbaarheidsfonds
26 Februarie	Barmhartigheid	GKSA Emeritaatsversorging
04 Maart	Barmhartigheid	GKSA Die Kerkblad

GEMEENTEPROGRAM

Sondag 19 Februarie tot Saterdag 25 Februarie 2012

Sondag 19 Februarie	Oggenddiens	09:30
Sondag 19 Februarie	Katkisasie Les 4	10:30
Sondag 19 Februarie	Aanddiens	18:00
Donderdag 23 Februarie	Vergadering Ouderlinge	18:00
Saterdag 25 Februarie	55 Plussers Uitstappie	08:00

TEESKINKBEURTE

Sondag 19 Februarie 2012	Wyke 28 & 01
Sondag 26 Februarie 2012	Geen teeskink. Nagmaal.
Sondag 4 Maart 2012	Wyke 04 & 05

VERJAARDAE

19 Februarie tot 25 Februarie 2012

20 Feb.	Jaco Roos	Wyk 07	084-205-4525
21 Feb.	Blanchè Kruger	Wyk 02	018-468-5184
23 Feb.	Kamilla Booyen	Wyk 12	018-468-1696
23 Feb.	Alma Strydom	Wyk 11	018-468-4595
23 Feb.	Felecity Viljoen	Wyk 07	083-409-5055
24 Feb.	Kobus Steenkamp	Wyk 20	083-276-7117
25 Feb.	Andrè Pretorius	Wyk 09	072-141-5343

'n Hartlike gelukwensing aan die verjaardag lidmate hierdie week. Elkeen van julle word die seën van die Here toegebid vir geluk en voorspoed.

strydbyl binne sy bereik.

4. SIMBAAL 19 Februarie 2012

Die verblyf sal in 3-bed chalets wees en kos en drinkgoed sal voorsien word. Die koste is



R1300 per persoon. Daar is net plek vir 25 persone. Skakel met Ds. Werner van den Heever (082-412-1415).



✘ *Die kwaadwillige mens begrawe die*

PENSIONARIS BESKIKBAAR VIR ALGEMENTE NUTSWERK

Ook vaardig in sweis-, loodgieters-, hout- en teëlwerk
Skakel Corrie Botha: 018-484-4774 & 083-429-4824
SIMBAAL 19 Februarie 2012

5.

LIEF EN LEED



- **Jan en Elsa van Heerden** se swaer is onlangs gediagnoseer met ernstige longkanker. Hy het kanker in die nier gehad. Hulle gaan nie opereer nie en hy ontvang nie chemo of behandeling nie. Dit is terminaal (Wyk 27 018-468-4647).



- **Sr. Emma Bezuidenhout** is Maandag ontslaan en sterk goed aan nadat sy verlede week geopereer is. Ons is bly dat dit soveel beter gaan en bid haar seën en sterkte toe vir die bestraling wat nog voorlê (Wyk17 **018-468-1372**)
- Ons is dankbaar dat dit beter gaan met **br. Paul Vorster**. Hy en sr. Mienie, beplan om hulle huis te verkoop om by hulle kinders in Kaapstad te gaan woon. Hulle wil ook van sekere meubels ontslae raak, o.a. 'n 8-sitplek eetkamerstel en 'n sitkamerstel (Wyk 12 018-468-3819).
- Ons dink met meegevoel aan **Mike en Elsje Kruger**, na die afsterwe van Elsje se moeder. Sy is die afgelope week in Klerksdorp begrawe. Mag ons Hemelse Vader sy troos skenk in hierdie tyd van hartseer en verlies (Wyk 11 018-468-6672).
- **Inge Kruger**, dogter van **Niekie en Blanchè Kruger**, het haar vierjaar-B.Ed.-graad aan die NWU behaal en ook keuring gekry vir honneurs. Sy ontvang haar graad op 29 Februarie 2012. Intussen is sy as onderwyseres by Laerskool Meiringspark aangestel. Onderwysbloed loop dik in hierdie familie - haar grootouers was onderwysers, en Blanchè is ook in die onderwys betrokke. Haar jonger suster, Liezl, is tans ook tweedejaar-onderwysstudent aan die NWU. Na vier jaar in Cachet-gemeente, verwelkom ons Inge terug in die gemeente! Geluk met jou graad, Inge, en alles van die beste in jou loopbaan!

